Simbole van Paasfees

Die Kruis:
Dit simboliseer al vir eeue opoffering, inisiasie, “crossing out of the self”. Ook die letterlike van “Jesus wat aan die kruis gehang het”.

Paaseiers: Die eier speel ‘n belangrike in die begin van nuwe lewe en is die simbool van hoop vir ‘n nuwe lewe/wêreld. Hierdie nuwe begin is in elkeen se lewe moontlik, omdat die Christus-gees tot elkeen se beskikking is. Wanneer ons kinders paaseiers soek, dan wens ons vir hulle om ook so te soek na die krag Christus, en dit dan ook te vind. Soek en jy sal vind...(Matt 7:7)

Paashaas: Die haas is gesien as ‘n waaksame dier wat besonder toegewyd tot sy spesie is (“wakeful self”). Hy lê nie die eiers (boodskap van nuwe lewe) nie, maar sy plig en voorreg is om dit te bring soos wat ons ook die boodskap van ‘n nuwe lewe in die wêreld moet uitdra.

Twaalf gedeeltes in die Bybel wat ons herinner aan die verhaal van Paasfees.

(Voorstel: - maak ‘n Paasfees-uitstalling met eiers en hase en sit die 12 simbole in 2 houertjies by die uitstalling)

	Skrifgedeelte	Simbool	Betekenis
1	**Matteus 21:1-11**	Stukkie gekleurde materiaal of papier	Simboliseer die intog van Jesus in Jerusalem op die donkie. (mense se gekleurde klere op die vloer)
2	**Matteus 26:26-30**	‘n Stukkie brood of ronde koekie	Simboliseer die laaste maaltyd wat Jesus saam met sy dissipels in die bovertrek gehad het.
3	**Johannes 13:1-17**	Stukkie seep	Herinner ons aan Jesus wat sy dissiples se voete gewas het.
4	**Johannes 13:18-30**	Drie eenrande	Herinner ons aan die 30 stukke silwer wat Judas ontvang het omdat hy Jesus uitgeken het.
5	**Johannes 18:15-27**	‘n Veer	Wat ons aan die haan laat dink wat gekraai het nadat Petrus Jesus verloën het.
6	**Markus 15:16-20**	‘n Doring	Wat die kroon wat Jesus moes dra simboliseer
7	**Markus 15:21-24**	‘n Dobbelsteen	Wat vertel van die soldate wat oor Jesus se klere geloot het.
8	**Markus 15:21-32**	‘n Kruis	Om die dood van Jesus aan die kruis te simboliseer
9	**Markus 15:33-41**	‘n Stukkie swart lap of papier	Wat ons herinner aan die duisternis wat die aarde ooral het
10	**Markus 15:42-47**	‘n Stukkie wit lap of papier	Wat ons herinner aan die wit lappe waarin Jesus se liggam toegedraai is.
11	**Matteus 27:62-66**	‘n Klip	Wat ons herinner aan die klip waarmee Jesus se graf verseël was
12	**Matteus 28:1-15**	‘n Sjokelade eiertjie wat leeg is binne	Die leë eier herinner ons aan Jesus se opstanding uit die dood en die leë graf.

Paasfees

Dis amper **Paasnaweek** en vir baie kinders beteken dit: vakansie hou en paaseiers eet. Maar het julle geweet dat **Paasfees** die eerste keer amper 4000 jaar gelede in Egipte gevier is? Dit was natuurlik toe die Israeliete, God se volk slawe van die Egiptenare was. 'n Slaaf is iemand wat aan iemand anders behoort en sonder betaling alles vir sy baas moes doen. Die Israeliete het baie swaar gekry in Egipte en hulle het gewens iemand sou hulle vry maak. God het hulle swaarkry gesien en vir Moses geroep om hulle uit Egipte en weg van slawerny te vat.

Onthou julle nog vir Moses? Dis hy wat in 'n biesiemandjie op die Nyl rivier tussen die riete weggesteek was. God het gesê hy moet na die Farao, die koning van Egipte, toe gaan en vra dat die Israeliete mag wegtrek. (**Eksodus 1-14)**. Die Farao wou natuurlik nie sy slawe sommer net laat gaan nie, want wie sou dan al die vuilwerk vir hom moes doen? Daarom het God tien plae oor die Egiptenare laat kom. Elke keer as 'n plaag die land getref het, het die Farao gesê die Israeliete kan maar trek, maar elke keer as die plaag verby was het die farao terruggegaan op sy woord. Die tiende plaag was die ergste van al die plae. Die Here het vir Moses gesê Hy gaan al die oudste kinders in Egipte doodmaak, sodat die Farao definitief die Israeliete sou vrylaat om te trek. Om te keer dat die doodsengel nie ook die oudste kinders van die Israeliete doodmaak nie, het die Here gesê al die Israeliete moet 'n lammetjie slag en dan die bloed van die lam teen hulle huise se deurkosyne smeer. Die lammetjies het gesterf en hulle bloed het gekeer dat nie een van die Israeliete doodgemaak is nie en dat almal uit Egipte kon trek. *God het die lammetjies gebruik om al die Israeliete vry te laat wegkom.*

Om sy kinders te herinner aan hoe Hy hulle uit Egipte, die plek waar hulle slawe was, gered het moes hulle elke jaar **Paasfees** vier. Baie jare later toe Jesus op aarde geleef het, het Hy en sy dissipels ook Paasfees gevier. *Terwyl hulle geëet het, het Jesus brood en wyn gevat en vir sy dissipels gesê, die brood is soos sy liggaam en die wyn is soos sy bloed, as hulle dit eet moet hulle weet dat Hy wat Jesus is, nes die lammetjies in Egipte, doodgemaak gaan word*. Nie sodat hulle nie meer slawe van die Egiptenare hoef te wees nie, maar sodat hulle en ons nie meer slawe van sonde hoef te wees nie. So het **Jesus die lam van God geword** waardeur ons gered word van die dood en hel.

En dis hoekom ons Paasfees vier: om terug te dink aan die dag toe Jesus vir ons sonde aan die kruis gesterf het. Die Donderdagnag wanneer Paasnaweek begin het die soldate Jesus gevang en die Vrydag het hulle Hom aan die kruis gespyker. Daar het Hy gehang totdat hy dood is en daarna het van sy vriende Hom begrawe. Die Sondagoggend toe Maria egter by die graf kom, was sy liggaam nie meer daar nie omdat Hy uit die dood opgestaan het. **Daarom vier ons die Vrydag van Paasnaweek Jesus se dood.** Dat hy gesterf het om ons deur sy bloed te red. **En die Sondag vier ons Jesus se opstanding uit die dood.** Dat Hy lewe sodat ons die Ewige lewe kan hê!
Bid sommer vandag nog en sê vir Jesus dankie dat Hy op Paasnaweek bereid was om in jou plek te sterf en lees ook **Lukas 22-24** in die Bybel.

He is Risen!
The Last Supper
Jesus is Crucified
Jesus Prays in Gethsemane

Jesus ascends into Heaven
Journey into Jerusalem
Palm Sunday
The Last Supper
Jesus prays
Jesus dies on the cross
Jesus is resurrected

©2015









Matt 21: 8 – 9 Jesus se intog in Jerusalem

Die grootste deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep: "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!"

Matt 26:26-28 Die laaste Avondmaal

En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam."

Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.

Matt 26:39 Jesus bid in Getsemane

Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."

Matt 27:35,50-51 Jesus word gekruisig.

Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot.

Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.

Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars.

Matt 28:6 Jesus oorwin die dood.

Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.

Hand 1:9 Jesus se Hemelvaart.

Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie.

Hand 2:2-4 Die Heilige Gees word uitgestort.

Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.

Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het.

Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.